

Week 6 : 14 Sept - 18 Sept	
Maandag 14 September	Leesbegrip: Die blou vervoerwa
Dinsdag 15 September	Klanke: Vokaalklanke
Woensdag 16 September	Skryf: Tydsvorme
Donderdag 17 September	Skryf: Tydsvorme - Verlede tyd
Vrydag 18 September	Geen (Slegs skrif)
Voorbeelde van hoe om elke werkie in die Afrikaanse spogboek te doen word aan die einde gegee.	

Maandag 14 September:

Die blou vervoerwa



Een heerlike somersdag sien James n blou vervoerwa in die middel van die veld. Hy het oor die hek gespring en na die vervoerwa gestap. Hy het aan die blink handvatsel geraak en die blink enjin gestreel. James het rondgekyk en nêrens die bestuurder gewaar nie. Hy klim toe in en sit op die sagte blou sitplek. Hy het regop gesit en die stuurwiel stewig vasgehou. Skielik het die vervoerwa stadig begin beweeg. Dit het geweet waarheen om te gaan en het die stowwerige pad afgedans.

James kon in die huis sy vriende, Tom en Susan sien. Hy wou graag dat hulle moes sien hoe hy bestuur. Hulle het net betyds by die huis uitgekom. Hulle het na hom gestaar en gestaar.

Vrae:

1. Wie het die blou vervoerwa gesien?

---

2. Waar was die vervoerwa?

---

3. Het James die hek oopgemaak?

---

4. Waar is die enjinkap van n motor?

---

5. Het James die vervoerwa aangeskakel?

---

6. Naby wie se huis het hy verby gery?

Spogboek voorbeeld:



Dinsdag 15 September:

Leen en Pop bad

Leen en haar pop sit in die bad. Leen was vir Pop met 'n lap. Sy was Pop se rug en nek.

"Jy het 'n kol op jou rug, Pop," sê Leen. Sy was die kol weer en weer, maar die kol wil nie af nie.

Ag tog! Dis 'n seer kol!

"Ek sal 'n lap met room op die kol sit, Pop," sê Leen.

Kor Kat sit ook by die bad.

"Kom Kor, dis tyd om te bad," sê Leen.

Kor maak of hy doof is. Hy wil nie bad nie. 'n Kat bad mos nie!

Hy loop weg van Leen en Pop af. Hy sal maar op die muur gaan wag.

1. Lees die storie en vind woorde wat die volgende klanke in het.

aa	ee	oo	uu

Doen eers die werk op die werkkaart:

Leen en Pop bad

Leen en haar pop sit in die bad. Leen was vir Pop met 'n lap. Sy was Pop se rug en nek.

"Jy het 'n kol op jou rug, Pop," sê Leen. Sy was die kol weer en weer, maar die kol wil nie af nie.

Ag tog! Dis 'n seer kol!

"Ek sal 'n lap met room op die kol sit, Pop," sê Leen.

Kor Kat sit ook by die bad.

"Kom Kor, dis tyd om te bad," sê Leen.

Kor maak of hy doof is. Hy wil nie bad nie. 'n Kat bad mos nie!

Hy loop weg van Leen en Pop af. Hy sal maar op die muur gaan wag.

1. Lees die storie en vind woorde wat die volgende klanke in het.

aa	ee	oo	uu
haar	Leen		
maar			

Spogboek voorbeeld:



Woensdag 16 September: Tydsvorme



Woensdag 16 September:



1. Voltooi die volgende sinne in die **verlede tyd.**

   a. Jan lê op die bank en kyk televisie.

   _____

   b. Ek hou daarvan om boek te lees.

   _____

2. Voltooi die volgende sinne in **toekomende tyd**.

   a. Ons doen ons huiswerk by die naskool.

   _____

   b. Sarie gaan haal haar trui in die kas.

   _____

_____

Spogboek voorbeeld:



16 September Skrif: j

j j j j j j j j j

j j j j j j j j j

j j j j j j j j j

16 September Skryf: Tydsvorme

Verlede tyd - het klaar gebeur - het en ge-

Hede tyd - dit is nou

Toekomende tyd - dit kom nog - sal

1. a. Jan het op die bank gelê en televisie gekyk.

b.

2. a. Ons sal ons huiswerk by die naskool doen.

b.

Donderdag 17 September:

1. Volg die instruksies:
   - ♥ Omkring die werkwoorde in oranje.
   - ♥ Skryf dan die sinne in die **verlede tyd.**

a. Karen maak vir haar ma 'n slaai.

b. Karen roep vir Klaas en Peet om die tafel te dek.

c. Klaas is bly dat dit pouse is.

d. Hulle speel sokker saam met die seuns.

e. Klaas is na pouse baie moeg.

Spogboek voorbeeld:



Vrydag 18 September: